

16 November

Skrifgedeelte: Jesaja 2-4

Fokusgedeelte: Jesaja 2:1-5

God se heil moet aan almal verkondig word

Die grootste gedeelte van die Ou Testament fokus op God en sy verhouding met die bondsvolk Israel. Dit gebeur min dat ander volke besondere aandag kry wanneer die verlossing wat God bring, aan die orde kom. Tog kom die ander volke meermale aan die orde wanneer oor die eindtyd gepraat word, soos in ons fokusgedeelte. Jesaja het hom in die besonder gerig tot die mense van Juda en Jerusalem, om hulle op te roep tot bekering. Die ander volke word soms gesien as instrument in God se hande om sy oordeel oor sy ongehoorsame volk te voltrek. Jesaja kyk egter ook na die einde van die tyd en verkondig die heil van God wat dan sal aanbreek. In daardie heil is daar ook 'n plek vir ander volke. Die eindtyd sal 'n tyd van vrede wees, wanneer oorlogswapens omvorm sal word tot landbou-implemente. In daardie tyd sal die ander volke ook na Jerusalem kom om die Woord van die Here te hoor. Met Pinkster het die tydperk aangebreek dat die ander volke ook die evangelie moet hoor. Dit is die vernaamste taak van die kerk in die tyd tussen die koms en wederkoms van Jesus Christus (Mark 13:10). Die ander volke, waarvan ons ook deel is, kan alleen deur die evangelie, deur Christus, deel kry aan die heil van God. Dis ons taak om steeds die evangelie te verkondig aan almal wat dit nog nie gehoor het nie. Dit kan ons alleen doen as ons werklik self in die lig van God se Woord lewe.

Sing: Psalm 87:1,4,5

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)